



Marita:
Ma, ek wil 'n
SA paspoort
hê **Bl. 5**



**'Ons kan
die regering
só vasvat'**
Bl. 11



**Olwagen se
'Bernarda'
teater op sy
beste **Bl. 13-15****



André Roothman as die Man en Greta Pietersen as die Vrou in Marthinus Basson se produksie Hotel Malaria. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Trotse borg en lid van die

WORDFEES - FAMILiE

MEDIA24
Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN WOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bitter mooi lirieke van onder andere
Francois van Coke, Zolani Mahola,
Theuns Jordaan, Elvis Blue en Laurika Rauch.
Die 2017 Sanlam Musiekfees, 3-12 Maart.
www.sanlam.co.za/sponsorships



Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Die konsert 'Hendrik Hofmeyr op 60' het 'n mylpaal-verjaardag van dié komponis gevier met 'n keur van sy werke. **Wayne Muller** was daar en het na afloop van die konsert met Hofmeyr gesels.

Die musikale taal van Hofmeyr

Hendrik Hofmeyr se veelsydigheid as komponis kan nou wel nie verteenwoordig word deur 'n solo-tjellostuk, 'n strykkwartet, vioolsonate, en 'n siklus van vier kunsliedere nie, maar dit kom darem naby daaraan om 'n blik op dié komponis se loopbaan te gee.

Die afgelope Sondag is sy komende 60ste verjaardag (wat op 20 November is) op die US Woordfees in die kykNET Endler gevier met die konsert *Hendrik Hofmeyr op 60*.

Die solo-tjello van Anmari van der Westhuizen het virtuositeit gewys in die Cadenza per violoncello solo van 1996. Sy eerste strykkwartet van 1998 het die Odeion-strykkwartet verklank, en toe was Suzanne Martens (viool) en Elna van der Merwe (klavier) aan die beurt met die Sonate vir Viool en Klavier van 2009.

As afsluiting is 'n vokale werk, die liedsiklus *Of Darkness and the Heart – Four poems of Fiona Zerbst* (oorspronklik van 1999), met die Odeion-strykkwartet en Jolene McClelland (sopraan) voorgedra. As die wêreld ideaal was, sou hierdie konsert ook 'n koorwerk ingesluit het, sê Hofmeyr, want hy is baie lief om vir sangstemme te komponeer.

“Tog het hierdie konsert wel van my belangrikste werk ingesluit. Dit is werke wat pertinent sê wat ek probeer oordra in my musiek op verskillende maniere. Wat belangrik is, is dat die musiek moet kommunikeer met die gehoor – dit moet 'n boodskap oordra,” sê hy.

Hofmeyr is net ná sy studies aan die Universiteit van Kaapstad in 1981 na Italië om komposisie, klavier en dirigeerkuns te studeer, en om as sangafrigter en begeleier te werk. In 1992 het hy na Suid-



Jolene McClelland was deel van Hofmeyr se 60ste feesvieringe. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



Hofmeyr (links) se musiek is gevier deur Suzanne Martens (viool) en Elna van der Merwe (klavier).



Afrika teruggekeer om aan die Universiteit Stellenbosch te doseer.

Sy oeuvre komposisies is veelsydig: operas, concerto's en sonates vir allerlei instru-mente, asook koorwerke en liedsiklusse. Onder sy talle pryse tel die 1995 Unisa-Transnet-komposisiekompetisie en in 1997 twee groot internasionale komposisiekompetisies wat hy gewen het.

“Toe ek begin komponeer

het, was dit tydens die era van avant-garde, wat teen harmonie en lirisme was. Maar dit was juis die dinge waaruit ek gedink het goeie musiek behoort te bestaan en waarna ek graag wou luister. So, eintlik het ek teen die avant-garde-beweging gereageer,” sê Hofmeyr.

Hy meen goeie musiek moet soos 'n aantreklike mens wees – die hart én kop, dus die fisieke en emosionele, moet daar wees. “As

jy iets daarvan uitsluit of uitlaat, is die persoon minder aantreklik.”

Soos meeste kunstenaars se werk het Hofmeyr se musikale stem oor die jare geleidelik verander, hoofsaaklik omdat hy verkies om 'n aantal style in sy werke te vermeng, eerder as om 'n monolitiese aanslag te volg en een rigiede styl te handhaaf.

“Ek dink my musikale taal is deesdae nog minder avant-garde

as toe ek begin het. Soms kry ek terugvoer dat my musiek wel baie avant-garde is, maar ek dink tog my werke het oor tyd al meer toeganklik geword,” sê Hofmeyr.

Sy mono-drama *Hemp van Vlam* word ook nog komende naweek op die US Woordfees opgevoer (10 en 11 Maart om 14:00). Dit is 'n werk wat deur die digter Shiela Cussons se destydse sielkundige Pieter Cilliers saamgestel is uit haar gedigte. Dit was 'n opdragwerk vir 'n konferensie oor bipolariteit, en Cussons was self bipolar. Die gedigte gee as geheel 'n blik op Cussons se lewe.

“Ek dink Pieter het die gedigte goed gekies om 'n storie oor Cussons te vertel, en ek het ook dit probeer doen deur my toonsettings van daardie gedigte. Dit is 'n aaneengeskakelde liedsiklus en nogal gekompliseerd omdat dit 'n klavier- en klarinetspeler betrek, asook 'n sangeres wat alles moet dramatiseer. Dit kan egter ook onafhanklik staan as liedsiklus (in konsertformaat),” vertel Hofmeyr.

Hy sien uit na die eersdaagse premiere van sy nuwe klarinet-kwintet, asook 'n oorsese opdragwerk vir 'n concerto vir klavier en sewe ander instrumente. Boonop is hy ook byna klaar met sy tweede simfonie, wat later vanjaar deur die Kaapstadse Filharmoniese Orkes uitgevoer word ter viering van sy 60ste verjaardag.

Ten spyte van allerlei intellektuele benaderings tot en sienings oor sy werk, het Hofmeyr 'n eenvoudige “goue reël” oor komposisie: “Musiek is 'n vorm van kommunikasie en dit moet tot mense spreek – dalk nie almal nie, want smaak verskil – en dit moet volledig en boeiend wees,” sluit hy af.

uppe marketing A14174

HOE LYK JOU

Afrikaans?

Lekker blog en storievertel ... streektaal ... dinktaal ... droomtaal.
Gaan na *Ons stories* vir unieke gedagtes, monduitspoelpret en speelse vertellings.

Wat vertel jy my nou?

www.afrikaans.com/ontspan/ons-stories



AFRIKAANS.COM

Profiel



Nico Scheepers op die stel van *Die Flik*. Dié ‘wonderkind’ se voete is op die grond en sy kop in fantasiewêreld. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

‘Ek wil net stories vertel’

Hy ryg die pryse in, maar dit is nie waarom dit vir die jong teatermaker Nico Scheepers gaan nie, het hy aan **Ilza Roggeband** vertel.

Dit is twee weke voor die US Woordfees begin, ’n paar dae voor die Fiësta-toekennings. Kaapstad is windstil en warm.

“Ek het gisteraand vier ure geslaap en voel fantasties,” sê Nico Scheepers terwyl ons na ’n eetplek stap om ontbyt te soek.

Hy is 29 jaar oud, maar lyk soos ’n skoolkind. In Januarie 2014 het hy Kaap toe getrek met net ’n tas klere en ’n kitaar. Sy reputasie het egter voor hom in die Kaap aangekom. In 2010, 2011 en 2012 is hy aangewys as die beste regisseur van die Hoërskool Louis Trichardt se stukke wat aan die ATKV-Tiener-toneelkompetisie deelgeneem het. Die skool, en Scheepers, het ook die algehele kompetisie in 2010 en 2011 gewen. Dit is daar waar Hennie van Greunen hom raakgesien het.

“Hennie het my gebel en ’n mentorskap aangebied. Vandag is ek baie dankbaar daarvoor.”

Die sluise het vinnig oopgegaan. Sy eerste professionele produksie op die planke was *Wentel* in 2015 met onder meer Anna-Mart van der Merwe en Pedro Kruger in die rolverdeling en Van Greunen as die vervaardiger. Resensente en teatergangers was dit eens: Hier is ’n jong talent om dop te hou.

“Dit was eers *Wentel* en die stelontwerp van *Rondomskrik* en toe *Amper*, *Vrystaat* en *Hemelruim*

en toe begin die bolletjie rol...” vertel Nico.

Hy het drie jaar drama aan die Universiteit van Pretoria studeer toe hy besef het hy wil nie akteur wees nie. Sy talent is egter veelvuldig. Hy is ’n skrywer, regisseur, ontwerper, musikant.

In 2016 het hy nie net die Fiësta vir beste teaterontwerp vir *Die Dag is Bros* en *Amper*, *Vrystaat* gewen nie, hy het ook die ATKV Woordveertjie vir beste nuwe teks vir *Rooivalk* gewen.

By vanjaar se US Woordfees sit hy weer op verskeie stoele. *Die Flik* (regisseur, vertaler, stelontwerper), *Amper*, *Vrystaat* (medeskrywer, stelontwerper en regisseur), *Mamre* (regisseur, stelontwerper en skrywer) en *Die Ontelbare 48* en *Pa* (stelontwerp). En wanneer jy *Mamre* gaan kyk en wonder waar die mooi kitaar-musiek vandaan kom, kyk agter jou en jy sal Scheepers kitaar in die hand sien staan. (Sien kassie vir al sy produksies.)

Sy liefde vir woorde en die teater het hy by sy tannie Nellie Wolmarans gekry. As kind in Louis Trichardt (deesdae Makhado) het hy in die week by haar gewoon.

“Sy sou sê: ‘Die TV werk nie. Jy kan lees of lê. Dan het ek maar gelees. Of ek en sy sou na die hout-plafonne kyk en sy sal my vra wat ek daar sien. Ons het *The Hobbit* gelees en dan sal sy ophou lees en

vra: ‘Ek dink die dwerg dra rooi skoene. Wat dink jy?’

“Tannie Nellie was op daardie stadium betrokke by die tiener-toneel by die skool en ek is soms saamgesleep. Sy het toe al gedink ek gaan eendag in die teater opeindig, want ek sou na haar toe gaan en sê: ‘Tannie, dink tannie nie dit moet daar staan nie?’

“Ek het baie waardevolle lesse by haar geleer. Een daarvan is dat selfs as jy met tieners werk, is hulle jou gelyke. Hanteer hulle met die respek wat hulle verdien.”

Die Flik, uit Engels vertaal van Annie Baker se Pulitzer-bekroonde stuk *The Flick*, was vir hom ’n uitdaging. Die grootste daarvan was om die speletyd van drie uur na twee uur te kry. Dit vertel die verhaal van drie jong werkers by ’n ou bioskoop met net een ding in

gemeen: hul liefde vir fliks. In die rolverdeling is Carel Nel, Cintaine Schutte en Dean Balie. Die ouderdomsbepierking vir die stuk is 18.

“Baker is ’n sterk kontemporêre stem van my generasie. Ons praat, maar ons sê niks nie. Die karakters vloek baie en draai nie doekies om nie. Dit is totale realisme.

“Dalk gaan mense uitstap, mense wat nie gaan verstaan nie. Ander sal weer saam met die spelers op die journey gaan. Die genius van die stuk is weggesteek en jy moet soek voor jy dit kry. Ja, almal gaan nie daarvan hou nie, maar dan het ek ook al besef alles kan nie iets vir almal wees nie.”

Dit is juis rolprente wat Scheepers al jare inspirasie gee.

“Ek het *Spirited Away* van Hayao Miyazaki gesien toe ek in standaard agt was. Pow!” sê hy en sprei sy hande bo sy kop uit met die vingers wat uitskiet. “Mind blown. Fliks soos *American Beauty* – pow! – en *Moonlight* en *Manchester by the Sea* – pow! Fantasia is bo alles my gunsteling. Gee my ’n draak en ’n swaard en droëwors op my bors en ’n Milky Bar in my hand en ek is gelukkig.”

Die sukses van die afgelope paar jaar het beslis nie in sy ego gaan sit nie.

“Ek ly aan imposter syndrome,” sê hy. “Ek wag vir die dag wanneer ’n vrou met ’n clipboard by my gaan aankom en sê: ‘Dankie, meneer Scheepers, ons het nou genoeg gehad. Jy kan teruggaan Limpopo toe. Daai dag wanneer iemand my bubble gaan bars.’

Genadiglik lyk dit of dit nie

vinnig, of hopelik ooit, gaan gebeur nie.

By die Fiësta’s verlede maand het sy produksie *Rooivalk* drie pryse ingepalm. Richard September wen vir beste spel in ’n solovertoning en Scheepers wen vir beste nuutgeskepte Afrikaanse produksie. *Rooivalk* wen ook die groot prys van die aand: beste aanbieding vir 2016.

Pla dit hom dat mense na hom verwys as “die wonderkind”?

“Nee. Ek dink nie eens daaraan nie. Bygesê, ek en Carel en Cintaine spot daarvoor. Ek noem hom ‘die Fleur du Cup-wenner Carel Nel’ en vir Cintaine ‘die Kanna-wenner Cintaine Schutte’. Hulle noem my ‘die wonderkind Nico Scheepers,’” sê hy en lag uit sy maag uit.

“Eintlik wil ek net stories vertel. Eendag fliks maak (*Amper*, *Vrystaat* is in ontwikkeling om ’n volledige rolprent te word), boeke skryf en beeldhouwerk doen, maar ek sal altyd teater doen. Elke keer wanneer ’n stuk opgevoer word, is dit ’n nuwe play. Elke keer. En daar is oral stories om te vertel. Ek kan net om my kyk en 25 stories skryf. Solank ek nuuskierig bly, sal ek skryf.”

Voetnota: Die aand by die Fiësta’s keer Scheepers my voor. *Nêrens*, *Noord-Kaap* wat by die US Woordfees sou wees, gaan nou eers by die Vrystaat Fees in Bloemfontein later vanjaar debuteer.

“Ons het besluit dis nog nie reg nie. Dis net on hold, nie gekanselleer nie. As ’n stuk nie reg is nie, is dit nie reg nie.”

In aksie

Nico is nog betrokke by die volgende produksies op vanjaar se Woordfees:

- **Amper, Vrystaat.** Toneel. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 18:00, 12 Maart om 20:30.
- **Mamre.** Kabaret en konsert. Drosty-teater. Vandag om 20:30, 10 Maart om 21:00, 12 Maart om 17:00.
- **Die Ontelbare 48.** Toneel. Hoërskool Lückhoff. Môre om 18:00.

Ma, ek wil ’n SA paspoort hê...

Marita van der Vyver:
Misverstand. Skrywersfees.
ATKV- Boektent.
Gister om 12:00.

Haar dogter, Mia, is in Frankryk gebore en het dus ’n Franse paspoort, het Marita van der Vyver in haar gesprek met Karin Brynard vertel. Hulle was daar om oor Van der Vyver se nuwe boek, *Misverstand*, te praat, maar die gesprek het ’n draai of twee geloop. Onder meer oor wêreldpolitiek.

“Om bene in twee lande te hê, gee jou perspektief,” het sy gesê.

“Alles wat hier in Suid-Afrika gebeur, kan ek vergelyk met wat in Frankryk en Europa gebeur. In Suid-Afrika is mense bang vir misdaad. Jy kan in jou huis agter ’n hoë muur aangeval word. In Frankryk slaap ek met oop deur en vensters, maar ek en die mense om my raak ál banger vir skares.

“My ma het ons altyd geleer dat skares veiligheid bring. Maar in Frankryk leef ons op die oomblik in ’n state of emergency en is dit juis in skares waar jy senuagtig raak. Mia wou byvoorbeeld nie na die groot winkelsentrum naby ons gaan om haar skoolbenodigdhede te koop nie.

“Sy was nou saam met my in Suid-Afrika en het op ’n dag vir my gevra of sy wanneer sy 18 word ’n Suid-Afrikaanse paspoort kan kry. Ons het groot probleme in Suid-Afrika, maar hier gebeur ook wonderlike dinge. In Frankryk het ons ’n verkiesing in Mei en daar is ’n kans dat die regering ver-regs kan swaai. Frankryk gaan dus moontlik nie altyd ’n lekker plek wees nie en jong mense is baie bewus daarvan.”

Brynard het haar gevra hoe haar eie persona verskil van dié



Marita van der Vyver. FOTO: NATALIE GABRIELS

van byvoorbeeld Griet van *Griet skryf ’n sprokie* wat nou weer uitgereik is, die Griet wat vir baie vroue die losskeur van die borst-rok was waarvoor hulle so lank gewag het.

“Hoe ouer ek word, hoe meer verskil ons,” het Van der Vyver gesê en gelag. “Ek dink nou aan myself as ’n tannie. Ek dink dit raak pretensieus as jy so skop teen elke jong mens wat jou tan-nie noem. Maar as Griet ander vroue kon help en bevry, dan is ek dankbaar.”

Hoe kry sy dit reg, ná jare in Frankryk, om steeds in he-dendaagse Afrikaans te skryf?

“Dialog is vir my belangrik,” sê sy. “Alle skrywers moet vlieë teen die muur wees. Ek luister die hele tyd hoe mense praat. Ek lees ook Afrikaanse boeke, tydskrifte aanlyn en luister RSG.

“Een van die karakters in *Misverstand* is ’n Afrikaanse vrou wat in Frankryk woon, maar haar Afrikaanse wortels wil ontgroeï. Ek wou dit nog nooit gedoen het nie. Ek hou van die Franse, maar

ek wil nie Frans wees nie.”

Sy erken die volwasse roman is haar gunsteling genre.

“Elke genre het sy eie uit-dagings en ek raak vies wanneer mense neerkyk op byvoorbeeld ’n jeugroman. Alle skryfwerk is vir my op een vlak. Die rede hoekom ek volwasse romans sal voortrek, is omdat ek glad nie enige sensuur op myself toepas nie. Ek kan die krane oopdraai.”

“Ons is tog te bly daaroor, want daar is lekker seks in jou boeke,” het Brynard gelag.

“Dit is baie moeilik om seks te skryf sonder om in clichés te ver-val of om soetsappig te word. Te oordeel aan die *Literary Review* se Bad Sex in Fiction-toekenning het menige groot name al hieroor gestruikel.”

Toe sy jonk was, was sy te bang om te sê sy wil eendag ’n skrywer word.

“Maar as jy groot droom, kan drome waar word. Nou droom ek nog net dat Hollywood ’n flik van een van my boeke maak.”

– **Ilza Roggeband**

Die storie wou haar nie los nie

Valda Jansen: Hy kom met die skoelappers. Skrywersfees.
Bibsaal. Gister om 10:30.

Dit is die boek wat sy nooit wou skryf nie. Maar verlede jaar het Valda Jansen se *Hy kom met die skoelappers* verskyn en het lesers en kritici gaande gehad.

“Ek wou nie ’n boek oor apartheid skryf nie, maar op die ou end was dit die een tema wat mense geraak het. Hulle weet dalk nie hoe om dit in woorde te stel nie en daar is nie vir hulle ruimte gegee om te sê wat hulle dink nie.

“Dit het ook uitgekóm in my skryfproses. Jy soek die hele tyd jou plek waar jy inpas. Veral as ’n mens in so ’n omgewing soos ek grootword. Ek wou ook gehad het dat dit nie ’n boek is oor een vrou in een omgewing nie. Dit gaan wyer. Dit gaan oor menslikheid. Jy moet jouself sien as ’n mens. Jy baklei, maar dit is ’n innerlike baklei. Dit is hierdie groot monster en kies jy die uitweg hoe om teen daardie monster te baklei.”

Sy sê as sy die boek twintig jaar gelede geskryf het, sou dit ’n ander boek gewees het. Op ’n vraag of die wêreld wat ons nou in lewe, met gerugte van nog mure wat gebou gaan word, haar bang maak, het sy ja geantwoord.

“Ek dink dit maak ons almal bang. Ons ken mos hierdie geskiedenis en ons moet tog daaruit leer. Dit is soos wat by die universiteite gebeur. Dit wat nou gebeur en die ontevredenheid, het soveel beelde weer vir my teruggebring. Dit is verskriklik hartseer dat ons dit weer moet beleef. Ons het soveel hoop gehad en leef nou met die ontugtering dat daar nie sterker leiers is nie.”

Waaroor gaan die boek?

“Die maklikste ding is om te sê dit is ’n liefdesverhaal. Maar as jy dieper in die boek gaan, is daar meer. Jy kan dit lees op die



Valda Jansen.
FOTO: NATALIE GABRIELS

vlak wat jy wil. Daar is ook vlakke van swaarkry en hoe die Nuwe Suid-Afrika deel is van wat in die wêreld aangaan. Ons almal is deel van die wêreld waarin ons woon.

“Die boek is in drie dele en een daarvan is ‘Blank, blank gelede’. Dié titel het lank gelede na my toe gekom en ek het oor jare stukke geskryf, maar die titel het by my gebly. Ek kon nie wegbly van die politiek nie. Ek het probeer, maar kon nie.

“Die volgende titel was In die tyd van die skoelappers. Met lesersverslae het meer as een mens gesê die boek herinner hulle aan Hettie Smith se *Sy kom met die sekelmaan*. Ek het ’n nag lank daaraan gedink en die volgende dag my uitgewer laat weet dat die titel *Hy kom met die skoelappers* moet wees,” sê Jansen.

Was die boek bevrydend om te skryf?

“Ja, dit was. Die storie het aanhou roep en ek het besef dit moet uit en wanneer dit uit is, dan kan ek iets ander skryf. Ek dink ook nie hierdie storie is klaar nie. Dit gaan nog op ander plekke uitkom.

“Ek het probeer om die storie op ’n konvensionele manier te skryf. Om te begin op een plek en op ’n ander te eindig. Die storie het homself egter anders aangemeld. Afrikaanse lesers lees intellektueel en elke mens kan daaruit kry wat hy of sy wil.”

– **Ilza Roggeband**

ONTDEK ’n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV BOEKE OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met ’n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die US Woordfees.

Vanjaar by die US Woordfees!

Die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek word voortgesit met die bekendstelling van Filmverse 2 - ’n visuele bloemlesing van 12 gedigte. Daaglik van 09:00 tot 17:00 in die US Museum-lesinglokaal. Gratis. DVD beskikbaar by die ATKV-Boeke-oase.

KOM PRAAT SAAM EN WORD WYS:

11 MAART om 10:30, BIBSAAL, Gratis!

Jongmense kom vertel die vorige geslag waar hulle Afrikaans oor 20 jaar graag sal wil sien. Met Albie Sachs en Saartjie Botha as gespreksleiers.

ATKV-BOEK TENT

MÔRE, 8 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

09:00	CHRISTINE BARKHUIZEN-LE ROUX: DRIEKLAWERBLAAR EN MARIËL LE ROUX: ISABELLA
10:30	SALLY ANDREW: THE SATANIC MECHANIC – A TANNIE MARIA MYSTERY
14:00	WILNA ADRIAANSE, LERINA ERASMUS: EINDSPEL EN DIE LELIEMOORDENAAR
17:00	BILL NASSON: HISTORY MATTERS

#ONTDEKAFRIKAANS

Kom maak ’n draai by ons stalletjie in Die Plataan by die ATKV-Boektent. Word ’n ATKV-lid en staan ’n kans om ’n luukse Slanghoek Villanaweekwegbreek van ATKV-Goudini Spa* of ’n geskenkpak te wen!
*Bepalings en voorwaardes geld.

@ATKVSA

ATKVSA

www.atkv.org.za

ATKV

Toneel



Hotel Malaria.
Toneel. Hoërskool
Cloetesville. Vandag en
9 en 10 Maart om 20:30.

Om te probeer verstaan waarom regisseur Marthinus Basson hom tot die werk van die Vlaamse dramaturg en skrywer Peter Verhelst aange-trokke voel, hoef jy net onder die oppervlak van Verhelst se oeuvre te krap. Hoewel natuurlik nie beperk daartoe nie, blyk dit of 'n voorliefde vir die visuele kunste hul grootste gemene deler is.

Basson se dramas is ryk aan tekstuur, gevoel en betekenis, dikwels juis omdat net soveel waarde geheg word aan wat gesê word as die manier waarop dit visueel uitgebeeld word. Verhelst noem dat hy meer vriende in die wêreld van die visuele kunste het as in die letterkunde en verduidelik dat sy strewe is om uiteindelik taal te kan gebruik om dinge sigbaar te maak, nes 'n skilder met verf. Bowenal wil hy met sy woorde die gehoor amper fisiek laat ervaar wat gesê word.

Hotel Malaria – 'n drama wat in Februarie 2015 sy debuut in Gent, België, gehad het – is nie die eerste Verhelst-drama wat Basson aanpak nie. Feesgangers by die Afrikaanse feeste het oor die jare al die geleentheid gehad om sy bekroonde produksies te sien van onder meer *Romeo & Julia* en *Aars!*.

Die leitmotif van heelwat van Verhelst se werk pryk lewens-groot as banier op sy webtuiste: "En nooit komt een eind aan ons verlangen."

Dié sentiment is ook die dryfveer in *Hotel Malaria* en word verskeie kere ondubbelsinnig

verwoord deur sowel die Man (André Roothman) as die Vrou (Greta Pietersen). Die Man praat onder meer van verlange as die "brandstof van die begeerte". Dis 'n begeerte of verlange om "gesien"

te word wat kortstondig deur die teenwoordigheid van 'n ander liggaam gestil kan word.

'n Jong vrou (Pietersen) is terminaal siek en het hoogstens 'n maand oor om te lewe. Sy laat

alles agter, insluitend haar man en huis, en gaan 'n kontrak aan met 'n wildvreemde man (Roothman) om by haar te bly tot die einde, wat dit ook al behels. Dié doodsbegleiding vind op twee vlakke plaas, naamlik in erotiese beeldryke gesprek en lewegewende daad te midde van strak, doelbewuste aksies wat die werklikheid en noodwendige uiteinde van die vleeslike onderstreep.

Pietersen het haar meestersgraad in drama aan die Universiteit Stellenbosch behaal en toe reeds met Basson saamgewerk en vir hom gespeel. Sy is ook te sien in *Quartet*, 'n ander Basson-produksie wat hier by die Woordfees

aangebied word. Pietersen is een van die belowendste jong aktrises van haar generasie wat doeltreffend aanvanklike stereotipering vermy het en haar rolle versigtig kies. In *Hotel Malaria* vind sy die goue middeveg tussen haar karakter se weerloosheid in die vallei van doodskaduwee en haar vasberadenheid om self die tyd, plek en wyse van haar dood te bepaal.

Roothman is eweneens 'n veelsydige akteur met wydlopende ervaring, maar selfs hy moet fyn trap om tot deurgaans by die hoog-emosie van die laaste monoloog te oortuig. Dít doen hy uitmuntend.

In kontras met die passie en sterk gevoelens wat in die dialoog verskuil lê, is Basson se stelinkleding strak en klinies. Die verhoogruimte is afgemerk deur 'n wit rubbermat en agter wapper 'n deursigtige wit gordyn voor 'n kil wit teëlmuur. Dinge raak prakties en toegespits op gebruiks-waarde wanneer die Man 'n Meatmaster-agtige masjien opsleep (hier wys Roothman se jare lange ervaring toe die rubbermat nie heeltemal wil saamwerk nie) en hy en die Vrou dit saam aanmekeer sit en toets met die inhoud van haar wit tas.

Die stilisme van die inleiding is aanvanklik ietwat verwarrend, maar alles word mettertyd uitgepluis en jy kan jou oorgee aan die teks en spel. 'n Skoolsaal is egter nie ideaal vir die intimiteit wat tussen gehoor en spelers moet bestaan nie. 'n Mens hoop dus om *Hotel Malaria* weer te kan sien in 'n hoofstroomteater met die nodige fasiliteite. Die impak daarvan behoort dan selfs groter te wees. – **Marina Griebenow**

Honger verlange laat bloed bruis



'n Jong vrou (Pietersen) is terminaal siek en het 'n maand oor om te lewe. Sy gaan 'n kontrak aan met 'n wildvreemde man (Roothman) om by haar te bly tot die einde, wat dit ook al behels.

DIE US WOORDFEES IS KONTANTVRY MET STANDARD BANK!

Hoe werk die Standard Bank-FEESKAART?



1.

KRY JOU KAART

Koop jou kaart by enige Standard Bank-laaistase teen **R10**



2.

LAAI JOU KAART

Laai jou kaart by een van die Standard Bank-laaistases, wat **kontant**, **debiet**- of **kredietkaarte** aanvaar.



3.

GEBRUIK JOU KAART

Gebruik jou kaart om **kaartjies** te koop vir vertonings by alle feesvenues. Koop by die **ATKV-Boekwinkel**, **fees-stalletjies** en **fees-kroeë**. Kaarte kan slegs by die US Woordfees gebruik word.



4.

KONTANT-ONTTREKKINGS

SMS jou kaartnommer na **43553** en volg verdere stappe. Let ook daarop dat 'n fooi gehef word gelykstaande aan OTM-fooie.

Toneel

Frank en die swart hond blaf vir die maan

Hond. Toneel. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 20:30.

Halfpad deur *Hond* begin 'n mens die gevroetel hoor van mense wat in broek- en handsakke grou, soekend na 'n sakdoek. En so vyf minute later verander die gevroetel in 'n gesnotter, want min dinge ontstel mense só soos 'n siek troeteldier. Eintlik sou enige toneelstuk met dié tema mense aan die huil kry, selfs al was dit pure twak. Gelukkig is dié een goed.

Nes Frank Opperman se vorige drie eenmanvertonings, *Die uwe Pottie Potgieter*, *Rooikaart* en *Die Klaagliedere van ds. Tienie Benade*, is *Hond* deur Dana Snyman geskryf. *Hond*, met regie deur Gerrit Schoonhoven, is sekerlik sy toneelstuk wat die meeste emosie ontlok.

Dit is soms 'n baie snaakse komedie. Maar dit is deels 'n studie in droefheid en eensaamheid.

Wat gebeur as jy nie meer glo jy kan enigsins jou weë verander nie? Wat doen jy as jou vrou jou los, as jou hond besig is om te ly? Dit vra vrae oor hoe 'n mens cope as jou lewe in duie stort, selfs al is jou probleme pure middelklas.

Maar Snyman is hier goed daarmee om die menslikheid van alle mense raak te sien en jou te laat besef dat middelklasprobleme ook, wel, probleme is.

Hond is ook goed daarmee om mense aan die lag te kry oor iets wat 'n mens andersins sal laat huil. Hier gebeur dit keer op keer.

Dit het outobiografiese elemente uit Snyman se lewe: Opperman speel byvoorbeeld 'n vryskutjoernalis wat soms stories vir *Huisgenoot* skryf. Maar 'n mens dink nie hier oor Dana, die skrywer, nie. Jy fokus op die karakter, bloot as gevolg van Opperman se uitstekende karakterisering.

Ons is geneig om steeds aan Frank Opperman as Ouboe van *Orkney snork nie* te dink. Maar met werk soos hierdie, en sy vorige eenmanstukke, breek hy daardie karikatuur baksteen vir baksteen af.

Die scene stealer hier is egter die *Hond*, 'n spook op die verhoog, wat met sorg en deernis behandel word. En of jy nou 'n diere-mens is of nie, die verlies van 'n kameraad bly hartverskeurend.

– Naudé van der Merwe

Soos ou getroudes




Wilson Dunster en Elize Cawood is te sien in Saartjie Botha se drama 'n Geworry. Dit is môre om 20:30 en 9 Maart om 18:00 te sien. FOTO: NATALIE GABRIELS

Kom *Praat Saam* by RSG daaglik tussen 08:00 - 09:00, ondersteun deur USB Bestuursontwikkeling

WOORDFEES
2017

PROJEK
Aanlyn BESTUURS
ontwikkeling
WYSHEID
Entrepreneurskap



Volhoubaarheid
STRATEGIE
BESTUURS INNOVASIE
gedrag DURF
Bemarking
LEIERSKAP ETIEK

**Wes-Kaap,
Suid Afrika**

t: +27 (0)21 918 4488
e: info@usb-ed.com

**Dar Es Salaam,
Tanzania**

e: tanzania@usb-ed.com

**Gauteng,
Suid Afrika**

t: +27 (0)11 460 6980
e: info@usb-ed.com

**Addis Ababa,
Ethiopië**

e: ethiopia@usb-ed.com

**KwaZulu-Natal,
Suid Afrika**

t: +27 (0)31 535 7117
e: info@usb-ed.com

Res van Afrika

t: +27 (0)11 460 6980
e: africa@usb-ed.com

USB Executive
Development
University of Stellenbosch Business School

www.usb-ed.com

www.twitter.com/USB_ED

www.facebook.com/USBED

USB Executive Development

www.youtube.com/USBExecED



Kalmer tokkel hart(seer)snare

Weg. Toneel. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 15:00.

Die muses het bymekaargekom en deurnag kragte saamgesnoer vir die skepping van *Weg* – 'n opwindende debuut op vanjaar se fees.

Onder die toetse van Harry Kalmer se tikmasjien het 'n verwickelde en slim teks vorm gekry. Dit is innoverend vertolk deur die regisseur Christine Truter. Tussen Marcel van Heerden as Pierrot en sy eie muse, Columbine (Tinarie van Wyk Loots), word 'n spanning geskep wat jou enduit meesleur.

Riku Lähti skep al die musiek en byklanke op die verhoog, en dié organiese element help om die gevoel van straat- en ander lewende teater te versterk.

Weg is 'n hervertelling van die lot van die standaardkarakters uit die tradisies van die pantomime en die Commedia dell'arte.

In Kalmer se hande word dit verplaas na 'n plaaslike landskap. Pierrot word op die platteland groot, maar is immer bewus dat hy hom nie heeltemal tuis voel in sy gesin, die gemeenskap en die gemeente nie.

Hy kies die lewe van die verhoog, en hier kruis sy paaie met dié van Columbine. Hulle word minnaars, maar soos met baie groot liefdes, bly dié een ingewikkeld. Van Wyk Loots gee uitstekend gestalte aan die wispelturige en spontane Columbine, wat haar nie aan tradisies laat bind nie. Sy laat haar kwalik aan enigiets bind.


Maar vir Pierrot is dit 'n ander storie. Regdeur sy lewe, beroep en mislukte huwelik bly Columbine 'n goue draad. Sy bly tegelyk sy inspirasie en meedoënlose maatstaf, heelyd weg en heelyd daár. Van Heerden beeld sy karakter uit met al die innerlike konflik van 'n gefolterde kunstenaar. Soos die woorde op 'n T-hemp wat sy dogter hom as geskenk gee dit uitspel: "Good at art, bad at life".

Vier lere van verskillende hoogtes is die enigste rekwisiete op die verhoog, en dit word deurgaans vindingryk ingespan om 'n besondere fisieke element aan die produksie te gee. Op die lere word daar gevlieg en geval, gedroom en hard aarde toe gekom.

Amper subliminaal word boodskappe op verskeie maniere oorgedra deur woorde geborduurd en geverf op lap of op Columbine se rug. En met die flardes herinneringe wat die karakters uitbeeld, word daar oneindig baie prentjies in jou kop opgeklits.

Weg volg soveel die pad van die twee hoofkarakters se liefde as wat dit 'n byna geskiedkundige of dokumentêre terugblik is op die teater self. Kalmer se teks is dig, ryk en besonder intertekstueel.

Aan die einde van die produksie word jy gelaat met die wete dat jy dalk baie gemis het, maar ook die sekerheid dat jy alles hopeloos te goed begryp, want die tragiese liefdesverhaal raak aan hart(seer)snare wat jy nie geweet het jy kan bespeel nie. – Anna-Retha Bouwer



Deon Meyer en Neels van Jaarsveld gister in die ATKV-Boektent aan die gesels oor hul nuwe rolprent *Jagveld*. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Flieks is beter as boek skryf, bieg Meyer

Deon Meyer: *Jagveld*. Skrywersfees. ATKV-Boektent. Gister om 09:00.

Neels van Jaarsveld en die supersterskrywer Deon Meyer het gisteroggend gesels oor Meyer se nuwe aksieflik, *Jagveld*, wat dié maand uitgereik word. Van Jaarsveld het die gehoor vir lank besig gehou met vertellings van sy vertolking van die diaboliese Bosman in *Jagveld*.

Die Meyer-aanhangers het die saal vroegoggend half volgesit. Die oggend het maar 'n rukkie gevat om vlam te vat, maar toe Meyer uiteindelik oor sy skryfwerk en flieks begin praat en die Lister aan die brand geskop is, toe raak dinge lekkerder.

'n Mens wonder altyd hoekom Meyer homself in die rolprentbedryf begewe.

"Dit is vir my die lekker van flieks maak. As jy 'n boek skryf, is dit net jy. Ek stuur hom vir my redakteur, ek stuur hom vir my agent, maar die eindprodukt is maar dit wat 'n mens insit. En jy



Deon Meyer moes gister buite die Boektent bontstaan om boeke te teken.

voel baie weerloos, want jy moet ook die slae vat.

"Met 'n rolprent is dit 'n samewerkende ding. Dit is 'n ding waar 'n klomp mense se kreatiewe idees en energie gaan bykom. En dit het

nog altyd my idees na 'n baie hoër vlak toe gevat. Dit is hoekom film maak so verslawend is. Ons het die fliek 'n paar keer in verskillende plekke in die land gewys. En dan sit ons so tussen die gehoor. En

daar waar die gehoor reageer, waar hulle so snak na hulle asem...

"Dit is wat 'n mens wil hê. Dit is baie lekkerder as boek skryf. Want 'n mens kan nooit by wees as iemand 'n boek lees en hoor hoe

die persoon sê: 'Steek hom met die mes!' nie.

"Dis hoekom, as iemand wat ook kuns probeer maak, ek akteurs en sangers en dié klas mense beny wat voor 'n gehoor kan staan en onmiddellike terugvoer kan kry. Jy praat van 'n bewussyn van hoe die gehoor reageer. En dit is wat 'n skrywer nooit het nie. En mense sal ná die tyd vir jou sê hulle het van die boek gehou, of in *Koors* se geval, was daar enkeles wat gesê het hulle het nie daarvan gehou nie. Maar 'n mens kry nooit daai onmiddellike terugvoering nie."

Vir die Bennie Griesel-aanhangers het Meyer ook goeie nuus.

"Daar kom 'n nuwe Bennie Griesel in Nederland uit. Ongelukkig kan ons hom eers volgende jaar in Suid-Afrika publiseer."

Die boek se naam is *Die vrou met die blou mantel*. Meyer is ook besig met nóg 'n nuwe Bennie, so die kans is goed dat daar volgende jaar twee Bennies op pad is.

– **Marchelle van Zyl**
* **Die fliek *Jagveld* is van 17 Maart af te sien.**

Gesels met die kenners, en word WYS!

Ons bestuur WiFi-netwerke namens kliënte landwyd.

Verkoop data, maak wins en beperk onkoste en misbruik.
Jou netwerk, jou handelsmerk, ons stelsels en kennis.

Restourante • Gastehuse
Studentebhuising • Woonstelle
Privaatwonings

www.wishnetworks.co.za
087 805 7480



Toneel

Bel 'n pel – moenie dié een misloop nie!

Die Ontelbare 48. Drama.
Hoërskool Lückhoff.
Môre om 18:00.

'n Staande ovasie.

Dit is wat Wessel Pretorius se eenman- satiriese drama op gister ontvang én verdien het.

'n Groot tragedie het hom op 'n Woensdagaand by die Wakkerfontein Moedergemeente se movie night afgespeel.

Pretorius vertolk vier karakters van die “ontelbare 48” wat deur die gebeure geraak is.

Elkeen van dié karakters openbaar op hul eie manier 'n tipe uithou vermoë. Daar is Elmarie – korbalafrigter, huisvrou en ma van vyf seuns (Steve, Theuns, Bok, Bobby en Jurie) wat maar gelate aansukkel met die lot waarmee sy opgesaai is.

Die vyftienjarige Wouter Wasserman is die dorpse se silwer eisteddfod-wenner wat die moed bymekaarskraap om tydens *The Sound of Music* se pouse sy monoloog op te voer.

Oom Johannes, sy drama-

afrigter, het vroeg in sy lewe reeds sy rakleef tyd bereik en klein Liebe Bekker probeer om terselfdertyd sin van die lewe te maak én vir tien sekondes op haar tone te staan.

Met enkele rekvisiete soos 'n jas, 'n hoed, 'n sonbril, 'n tutu, kleurkryte en 'n krimpvarkie neem Pretorius elke keer naatloos 'n heel nuwe persona aan.

Dit sou natuurlik nie moontlik wees sonder die uitstekende stemgebruik en lyftaal wat hy toegepas het nie. Jy herken iemand in elke karakter en dis moeilik om 'n gunsteling uit te lig, maar vir 'n man om 'n klein dogtertjie suksesvol te vertolk, wil nogal gedoen wees. Die manier hoe hy met taal omgaan is indrukwekkend, en die feit dat hy die teks self geskryf het, maak dit net nog meer bewonderenswaardig.

Die ontelbare 48 is skreeusnaaks, vlymskerp en die gehoor het gelê soos hulle lag. Dit is een van daardie produksies waar jy uitstap en voel jy wil iemand bel om te sê hulle móét dit gaan kyk.

– **Lynné Schoeman**

Luisterryke selfies



Suna Venter van RSG neem 'n selfie saam met Kabols Joggoms, 'n skrywer. RSG saai elke dag regstreeks van die Plataan af uit. Almal is welkom! FOTO: NATALIE GABRIELS



Oude Libertas Amphitheatre
Stellenbosch

Messiah: G.F. Händel
10 & 11 Maart 20:15



Met Magdalene Minnaar (sopraan)
Minette Du Toit- Pearce (alt), Given Nkosi (tenoor)
Thato Bachona (bas), Zorada Temmingh (orrel)
Libertas koor (vergroot) o.l.v. Prof. Johan De Villiers
& saamgestelde orkes o.l.v. Jürgen Schwietering

Besprek @ : 021 809 7473
h/v Adam Tas & Libertas St, Stellenbosch

Computicket: 0861 915 8000
www.oudelibertas.co.za

Bacchus én die gehoor is gatvol

Bacchus in Hillbrow. Toneel.
Hoërskool Cloeteville.
Vandag om 18:30.

Wanneer hierdie resensie verskyn, is dié produksie al verby. Dit kan ook 'n goeie ding wees. Die meer as 75 minute wat dit geneem het om na te kyk was nie maklik nie.

Die program lees: “Bacchus, Romeinse god, gatvol god. Hy beland in Hillbrow met sy dwelmbase, Ponte se monsters en verlore drome, en moet aanpas en oorleef. Hy is moeg en natgesweet. Gatvol. Hy soek net 'n dop.” Hierdie beskrywing is waarskynlik die naaste aan iets wat redelik verstaanbaar is wat jy sal kom. Dié stuk is 'n eindelose doolhof van doellose surrealistiese oëverblindery wat 'n swak teks en amateuragtige toneel spel probeer verdoes.

Dit is jammer, want dalk met meer skaafwerk aan die teks en beter regie sou daar iets van kon kom. Dit is tog die regisseur se plig om die akteur in te lig as dinge uitmekaarval. Nie hier nie.

Onder die dekmantel van avant-garde en eksperimentele teater word die gehoor lekker gefop. Tussen stoom (sonder stasies), opera, stiltes, kerse wat aan die brand gestee word, iemand wat sit en rook, en die eindelose gebruik van die woord hoer, moet jy probeer uitwerk wat hier aangaan.

Die akteur hardloop van die een hoek na die ander, draai dramaties om, kyk hier, dan daar, babbel,



François Maree
FOTO: NATALIE GABRIELS

skuifel, en sit. Hy is op drank en dwelms, dit weet ons, maar gaan kyk gerus 'n bietjie na *Trainspotting* vir leiding hier. Dit herinner aan swak studenteproduksies uit die tagtigerjare waar mense hulle verbeel het hulle is misterieuse figurante in 'n produksie in die dekadente Weimar-republiek.

Die teks is deur François Maree en hy tree ook daarin op.

Van die sinne wat uitstaan is: “'n Albino-tweeling eet mekaar se snot.” Huh? Die ander juweel is: “Sy dreadlocks [lyk soos] wurms in 'n ou mango.”

Soos N.P. van Wyk Louw eenkeer geskryf het: “Alleen 'n godheid sou kon hulp bring.” Juistement.

– **Herman Lategan**

‘Red ons van die regeerders’

SA se politieke en ekonomiese krisis: Hoe kom ons uit dié woesterny en vermy algehele ondergang? Frederik van Zyl Slabbert-gesprekreeks. Bloekomhoek. Gratis. Daaglik om 10:30.

Suid-Afrika is nie by die afgrond nie – nog nie. Daar is wel baie probleme, maar nie genoeg om ons al oor die afgrond te trek nie. Wat dit wel vra, is ingryping by die regering, dat herverspreiding van rykdom korrek hanteer word en dat werkloosheid dringend aangespreek word.

Prof. Jannie Rossouw, hoof van Wits se sakeskool, Moeletsi Mbeki, politieke ontleder, entrepreneur en joernalis, en prof. Anthony Butler van die departement politieke studies aan die Universiteit van Kaapstad was Maandag in gesprek met Tim du Plessis.

Sonder om weg te skram van die probleme waarmee die land sukkel, was hulle dit egter eens dat solank daar ’n stukkie hoop is, is daar ’n kans.

Mbeki het egter nie doekies omgedraai nie.

“Hoe kan Suid-Afrika gered word van ondergang? Vra die vraag wie veroorsaak die probleme – in dié geval die regering. Hulle beheer die ekonomie, en maak die besluite... maar hulle is die mense van wie ons gered moet word.

“Die antwoord? Raak ontslae van die regering. Mense vergeet gou. Ons vergeet ons is goed daarmee om van ’n regering ontslae te raak. Vra maar die Nasionale Party.”

Hy vra – en antwoord – die vraag oor wie die onderdrukte is.

“Dit is nie swart mense nie – die regering sorg daarvoor. Dit is dié met kapitaal, die eienaars van kapitaal, wat die meeste onder-



Moeletsi Mbeki en prof. Anthony Butler dink oor die toekoms. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

druk voel.”

Aan die ander kant van die spektrum is daar die werkloos – volgens berekening tot soveel as die helfte van die bevolking.

“Dit is wanneer dié groep en die eienaars van kapitaal kragte gaan saamsnoer, dat hulle beduidende getalle gaan hê om die regering vas te vat,” het Mbeki voorspel.

Butler het gese die land begin sien nou die voordelige sy van verstedeliking, veral in die Wes-Kaap en Gauteng, in die sin van mense se toegang tot dienste.

Hy het ook gesê opposisiepartye raak al hoe beter daarmee om te regeer, en dat verkiesings nou werklik voor baklei moet word – geen stem is meer vanselfsprekend nie.

“Opposisiepartye raak al hoe meer strategies, soos ons kan sien

in die alliansies wat gevorm word. Ek dink nie dit gaan hou nie, maar hulle besef nou hoeveel hulle kan vermag as hulle saamwerk.”

Terwyl Suid-Afrika se middelklas nog arm is en sukkel, sal dit die situasie skep waar mense ontmagtig voel, het hy gewaarsku.

Rossouw meen die land dop die toets van ’n moderne demokrasie onder die leiding van ’n “vreeslose” pres. Jacob Zuma.

En dis die kwessie van die verspreiding van rykdom wat Rossouw veral kwel.

“Dit lyk of dinge neig na ’n rykdomverspreidingsbelasting. Of dit eenmalig gaan wees, en hoe die geld aangewend sal word – dis nog nie duidelik nie.”

Volgens sy berekening is 2059 die jaar wat Suid-Afrika oor die spreekwoordelike afgrond gaan stort – tensy daar indringend

ingryping kom.

“Ons móét ekonomiese groei stimuleer, en ons móét besef indiensnemingstrukture maak dit baie moeilik om vir mense ’n werk te gee.”

Hy het ook dié raad gegee oor die nasionale lugdiens: “Gee die SAL weg. Gee dit eenvoudig weg aan enigiemand wat dit wil hê.”

En oor klein- en medium sakeondernemings: “Raak ontslae van die burokrasie. Daai sektore is die onbesonge helde van die ekonomie. Ons moet dit vir hulle makliker maak om sake te doen.”

Butler meen net Pravin Gordhan, minister van finansies, staan tussen die land en ’n kredietafgradering, “so ek dink hy sal oorleef”.

Maar, waarsku hy, Zuma raak al hoe meer roekeloos, en saam met sy vreesloosheid is dit ’n gevaarlike kombinasie. – **Jo-Ann Floris**

ink

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs
Susan Booyens
Marchelle van Zyl

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Natalie Gabriels

Skrywers
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Lynné Schoeman
Naudé van der Merwe

Produksie-assistent
Marietjie Booyens

W **US WOORDFEES**

Woordfees-kantoor

Adres: Erfurthuis,
Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
Navrae: Bel die feeskantoor
by 021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za.
Besoek die Woordfees se
Facebook-blad by https://www.
facebook.com/woordfees/

Adverteer NOU in ink
Bel 083 303 6117

’n Elektroniese weergawe van Ink is
ná 14:00 beskikbaar op Netwerk24.

NETWERK 24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND
www.netwerk24.com

NETWERK 24

Sake en Sauvignon
met Theo Vorster

www.netwerk24.com



Kom **luister, dink** en **gesels** saam oor beleggingsbesluite by ons Diskoers-gesprekreeks.

📍 **Bloekomhoek** ⌚ **13h00 -14h00**

📅 **8 Maart 2017**
Finansiële onafhanklikheid – wanneer het ek genoeg?

📅 **9 Maart 2017**
Wanneer en hoeveel moet ek oorsee belê?

📅 **10 Maart 2017**
Hoe maak ek beleggingsbesluite in onseker tye?

R50 te koop by Computicket | R60 by die ingang. Kaartjies sluit ’n glas Sauvignon blanc in. GRATIS toegang vir Netwerk24-intekenare, bespreek deur ’n epos te stuur aan sakegesprek@netwerk24.com

Lees die jongste INK en al ons U.S. Woordfees inhoud daaglik op Netwerk24.com

Toneel

Ai my ou maat, die jig van vandag!

Ooms. Komedie. Vandag om 10:00, Môre om 15:00.

“Jy sal nie pret herken nie, al kom sit sy op jou skoot.” Só het die stoute Oom Frans (Gerben Kamper) in sy groen sweetpakkie teenoor die meer pedantiese Oom Pierre (Tobie Cronjé) in ’n ewe groen pakkie uitgevaar.

Dié twee “ooms” uit die pen van Chris Vorster (ook die regisseur) het gesorg vir ’n stampvol saal en ’n skaterende gehoor.

Oom Pierre en Oom Frans is besig om hul “ware verhaal, met ’n bietjie spekskiet daarby” – ’n storie waarvoor *Huisgenoot* hulle baie geld aangebied het – in ’n produksie te verwerk. Hulle is albei inwoners van Huis Phoenix, “’n verbeteringskool vir die oues van dae” wat uit vorige versorgingsoorde geskors is.

Hul eerste ontmoeting was in die eetsaal toe die een op die ander se stoel gaan sit het en geweier het om op te staan. Alle hel het losgebars en ’n reeks poetse het gevolg, soos ’n drukspyker op ’n stoel, sabotasie van medikasie en daar is vals oproepe na die een oom se kinders gemaak om te sê hul pa is op sy laaste.

Toe die kinders egter dadelik die boedel wou bespring, was die twee ooms dit eens dat hul kinders eintlik die gemene vyand is. Dit is



Gerben Kamper en Tobie Cronjé verduidelik hoe hulle hulself vermom het om hul meesterplan uit te voer. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

tóé dat hulle hul kragte saamspan om ’n meesterplan te bedink, waartydens hulle die wrede Matrone De Melcker, die wagte én die honde sou moes trotseer.

Oom Frans dwaal egter heeltyd af van die teks en Oom Pierre moet hom gedurig aanpraat, want “netnou skop een van ons die emmer voor die storie klaar is”.

Die herhaling hiervan en Oom Pierre se daaropvolgende woorde “en ons gaan voort” raak ’n bietjie afgesaag en laat die stuk nogal langdradig voel. Die interaksie met

die gehoor en die skyfievertoning in die agtergrond sorg egter vir groot vermaak. *Ooms* is ’n lekkerlag-komedie vir ’n ouer gehoor. – **Lynné Schoeman**

Daar is nie lig aan die einde van dié tunnel nie

Beurtkrag. Drama. Vandag om 15:00.

“Jinne, ek het soos ’n vlieg teen die muur gevoel,” het een teaterganger heeltemal begeesterd buite die stadsaal gefluister waar Ivan Botha en Donnalee Roberts pas in *Beurtkrag* te sien was.

Kyk, Donnavan of Ivanalee is ’n handelsmerk wat werk. Die akteurspaar van *Pad Na Jou Hart* en

Vir Altyd-faam het die silwerskerm tydelik vir die planke verruil en in die proses is die sofapokkels vir ’n slag na die teater gelok.

Jasper (Botha) en Fransie (Roberts) is ’n paartjie wat saam intrek en op die eerste aand in hul nuwe huis word hulle in duisternis gehul.

Aan die begin is die argumente op die boksbesaaide verhoog speels. ’n Paar spitsvondige oomblikke wil-wil aan jou mondhoeke

pluk, maar dit raak ernstiger en ’n mens wonder of hulle nie maar die bakleiery in ’n halfuur kon afhandel nie.

Die toneelspel is redelik oortuigend, maar jy is nie mooi seker waarvan hulle jou wil oortuig nie. Dat Jasper en Fransie nie vir mekaar bedoel is nie en eintlik in die eerste plek nooit met mekaar moes gebodder het nie? As jy op soek is na ’n toneelstuk waar jy nie hoef

te dink nie, is daar geen rede om verder in die donker rond te tas nie. Wees tog net gewaarsku (ons wil nie verantwoordelikheid neem vir ’n springmielie-gestikkery nie): Hulle praat nie so mooi met mekaar soos in die fliks nie. Moet egter nie toelaat dat die kragwoorde jou afsit nie – daar is steeds baie om oor bly te wees. Soos dat jy nie op die uitkyk hoef te wees vir verskuilde agendas of dieper

betekenisse nie. Dis nou uitgesluit die uitdaging om Hitchcock die gebreekte porseleinhond as simbool van hul verhouding te identifiseer en die konneksie tussen “beurtkrag” en “verlies aan elektrisiteit” tussen Jasper en Fransie te maak. Daar is egter baie van ons wat dié stuk eerder maar in Fransie se “laat gaan”-boks sou plaas. – **Lynné Schoeman**



HARTKLOP

Oude Libertas
Woensdagaand
8 Maart 20:00.
Tessa Denton
en Marlo Minnaar
Regisseur: Christo Davids
Besprekings Computicket
Borg: Hiemstratrust

"Dit gryp aan die hart, wil 'n mens sê." - AJ Opperman (Beeld)

Staande applous vir Lorca

Die huis van Bernarda Alba. Toneel. Rhenish Girls' High School. Geen opvoerings meer nie.

Regisseur Christiaan Olwagen is in die gelukkige posisie dat hy dikwels groot ensemble-stukke kan aanpak. Met sy voorliefde vir klassieke tekste en die kaliber Afrikaanse aktrises tans tot sy beskikking, sou dit nogal vreemd gewees het as hy nie in 'n stadium op *Die huis van Bernarda Alba* van die Spaanse dramaturg Federico García Lorca besluit het nie. Die groot gehoor wat Rhenish Girls' High se skoolsaal volgepak het hier by die Woordfees het met hul staande applous saamgestem dat dit 'n puik keuse was.

Lorca voltooi *Die huis van Bernarda Alba* twee maande voor sy ontydige en wrede dood. Hoewel hy dié werk nie genoem het as deel van sy beplande trilogie oor die Spaanse platteland nie, sluit dit wat inhoud en styl betref tog aan by sy dramas *Yerma* en *Bloedbruilof*.

Die bekendste vertaling van *Die huis van Bernarda Alba* in Afrikaans is dié van Uys Krige. Olwagen gebruik juis dié vertaling vir sy produksie, maar verwerk dit. Hy ontvang dikwels komplimente vir sy meesterlike verwerkings van klassieke tekste; *Die huis van Bernarda Alba* is geen uitsondering nie.

Nadat hy *Droom* gesien het, Olwagen se verwerking van Shakespeare se *Midsomernag-droom*, het die akteur James Cairns die stelling gemaak dat Olwagen se weergawe “more Shakespeare than Shakespeare” is. Ook met hierdie Lorca-verwerking verloor hy nooit die kernkwessies uit die oog nie, maar spits juis die aandag daarop: seksuele onderdrukking en onderdruktheid, die pyn van 'n onmoontlike liefde, die tirannie van tradisie, die frustrasie van selfontkenning en hoe die toegekende gender-rolle bind en beperk. Boonop doen hy dit op 'n manier wat die universaliteit van die kwessies beklemtoon en dit vir 'n hedendaagse gehoor toeganklik maak deur te sorg dat die woorde maklik lê in die monde van sy sterk rolverdeling.

Die eerste wat tref as die gehoor die saal binnekom, is ontwerper Rocco Pool se dramatiese, gestroopte stel in swart en rooi, die tradisionele flamenco-kleure. In die skerm wat agterlangs loop, half verskuil deur 'n vrouegesig agter 'n kant-mantilla, is vyf deure, een vir elk van die dogters van die Alba-huishouding. Dit herinner nogal aan die deure in 'n hout-


paneel wat vir die hekse gebruik is in Kenneth Branagh se plek-spesifieke produksie van *Macbeth* onlangs in Manchester, Engeland. Voor die skerm staan 'n lang tafel met harde, ongenaakbare stoele daarom gerangskik. Alles is ongenadiglik skerp en hoekig, nes die sentiment in die toneelstuk.

Bernarda Alba (Antoinette Kellerman) se tweede man en pa van vier van haar dogters is oorlede. Sy kondig 'n routydker van agt jaar aan waartydens haar dogters nie toegelaat sal word om die huis te verlaat of enigsins verhoudings aan te knoop nie. Die enigste uitsondering is die oudste dogter, Angustias (Lorraine Burger), wat 'n erflating ontvang het van haar pa, Bernarda se eerste man, en vir haar geld die hof gemaak word deur die aantreklike Pepe el Romano. Laasgenoemde word nooit gesien nie, maar hy is die vonk wat die kruitvat van seksuele frustrasie op die ou einde laat ontplof.

Die ander dogters – Magdalena (Tinarie van Wyk Loots), Amelia (Mariechen Vosloo), Martirio (Cintaine Schutte) en Adela (Anoecha Krüger) – kreppeer natuurlik omtrent van jaloesie oor die onaantreklike, sieklike Angustias se kans op geluk. Veral die weerspannige Adela weier om haar aan haar ma se ysere dissipline te onderwerp en kies passie bo plig, met noodlottige gevolge.

Daar is twee weerligafleiers in dié hoogs gespanne omstandighede. Die eerste is Maria Josefa (Lida Botha), ma van Bernarda wat opgesluit word omdat sy volgens haar dogter nie meer heeltemal by haar positiewe is nie. Die ironie is dat sy deurgaans die versugting na vryheid en seksuele vervulling van haar kleindogters verwoord. Die ander is die hoof van die huishouding, La Poncia, uitstekend vertolk deur Dawid Minnaar. By haar kry die dogters 'n simpatieke oor en realistiese raad.

'n Mens vermoed dat Olwagen die ongewone stap gedoen het om 'n man in dié rol te plaas juis om tradisionele gender-rolle op hul kop te draai. Die gevolg daarvan is dat die persoon met die meeste empatie in die huishouding 'n man in 'n rok is, terwyl die mees



Dawid Minnaar vertolk die rol van La Poncia. Sy is die hoof van die huishouding. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

“Die persoon met die meeste empatie in die huishouding is 'n man in 'n rok.

“Wat spel betref, sou dit omtrent heiligs-kennis wees om iemand uit te sonder.

manlike daad gepleeg word deur 'n vrou in 'n onderrok.

Elke aspek van hierdie produksie verdien die hoogste lof. Birrie le Roux se kostuums is fenomenaal. Le Roux klee Bernarda aanvanklik in sterk manlike lyne en snyersklere, maar wanneer sy vir Pepe el Romano skiet, is sy baie vroulik in 'n vollengte wit onderrok geklee. Die dogters se kort swart deursigtige kantrokke beklemtoon hul seksualiteit en vroulikheid en staan in sterk kontras met die benepenhed van Bernarda se huishouding.

Charl-Johan Lingenfelder se klankbaan is presies in die kol, waaronder 'n Spaanse weergawe van “I Feel Pretty” en 'n meesleurende weergawe van “Cucurrucucú paloma”. Voeg by dit alles Ina Wichterich se knap

choreografie van die tango en ander danse, asook die rituele en herhalende bewegings vir tradisionele vrouetake soos naald- en handwerk, en jy het 'n wenner op jou hande.

Wat spel betref, sou dit omtrent heiligs-kennis wees om iemand uit te sonder. Kellerman en Minnaar doen hul reputasie as twee van ons voorste toneelspelers gestand, terwyl Botha en Joanie Combrink (Prudencia) hul plek ewe deeglik volstaan. Al vyf susters skitter met sterk spel, toewyding en meelewendheid.

Die plek op Olwagen se kerfstok raak nou al min, want sy prestasies is oorfloedig, maar *Die huis van Bernarda Alba* hoort gewis daar. Dis teater op sy allerbeste. – Marina Griebenow

MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet 'n gourmet piekniek op ons historiese plaaswerf.

www.spier.co.za

1692
Spier

NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.

Dramamense praat saam

Saartjie Botha, feesdirekteur, voer vandag se teatergesprek met die akteur Frank Opperman om 15:30 by die Bloekomhoek.

Die gesprek is 50 minute en bywoning is gratis. Frank is nog vanaand om 20:30 in die toneelstuk *Hond* te sien.

Toneel



Tinarie van Wyk Loots as Magdalena, tweede oudste dogter van Bernarda Alba.

Sonde met die Spaanse susters

Die geselskap van *Die huis van Bernarda Alba* het die bekroonde fotograaf **Nardus Engelbrecht** agter die skerm en op die verhoog genooi om hierdie familiedrama vas te vang.



Lorraine Burger (Angustias) sit 'n handjie by met Tinarie se kostuum.



Dawid Minnaar as La Poncia, Bernarda se hoofbediende.



Lida Botha berei voor vir haar rol as Maria Josefa, ma van Bernarda Alba.



Antoinette Kellerman as die hardvotige matriarg Bernarda Alba.



Links: Regisseur Christiaan Olwagen en Antoinette diep in gesprek voor die vertoning. Regs: Lorraine as die oudste suster, Angustias, pas haar trourok aan.



Lida en Antoinette neem 'n blaaskans agter die skerm.



Links: Tinarie en Mariechen Vosloo as Amelia. Regs: Lida as die ouma saam met voor Cintaine Schutte as Martirio, Anoecha Krüger as Adela en Mariechen oorkant hulle.

DStv
Premium

DRIE KAN 'N GEHEIM HOU AS TWEE DOOD IS

SARA SE GEHEIM

BEGIN DINSDAG 11 APRIL

20:00

kykNET.TV #SARASEGEHEIM

kykNET
KANAAAL 144